# Wat HET ONS nodig?

Weskerk
PREEKREEKS




ONS
HET
Jesus
NODIG
HOOP




ONS
HET
mekaar
NODIG

# Ons het mekaar nodig

- Dis in ons DNA



18 Verder het die Here God gesê: "Dit is
nie goed dat die mens alleen is nie. Ek
sal vir hom iemand maak wat hom kan
help, sy gelyke."



Genesis 2:18


Ons het mekaar nodig
• Dis in ons DNA
• Om mekaar lief te hê

"Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle
moet in my liefde bly. 10 As julle my opdragte uitvoer,
sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte
van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.
11 "Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan
wees en julle blydskap volkome kan wees. 12 Dit is my
opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle
liefhet. 13 Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy
sy lewe vir sy vriende aflê.



Johannes 15:9-13



# Ons het mekaar nodig

- Dis in ons DNA
- Om mekaar lief te hê
  - Om God se Wet na te kom!

34 Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet
mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet,
moet julle mekaar ook liefhê.



Johannes 13:34

10 Die liefde doen die naaste geen
kwaad aan nie. Daarom is die liefde
die volle uitvoering van die wet.



Romeine 13:10

# Ons het mekaar nodig

- Dis in ons DNA
- Om mekaar lief te hê
    - Om God se Wet na te kom!
- Vir die Liggaam om te funksioneer



[14]Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. [15]As die
voet sou sê: "Omdat ek nie 'n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam
nie," hou hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te wees
nie. [16]En as die oor sou sê: "Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel van
die liggaam nie," hou hy om dié rede eweneens nie op om deel van die
liggaam te wees nie. [17]As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon
hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik?
[18]Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam
gevoeg soos Hy dit wou hê. [19]As almal saam net een lid was, hoe sou
daar 'n liggaam kon wees? [20]Nou is daar wel baie lede maar net een
liggaam.

*1 Korintiërs 12:14-20*

15Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en
so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is
immers die hoof, 16en uit Hom groei die hele
liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by
mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van
hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam
homself op in liefde.



Efesiërs 4:15-16

# Ons het mekaar nodig

- Dis in ons DNA
- Om mekaar lief te hê
  - Om God se Wet na te kom!
- Vir die Liggaam om te funksioneer
- Om te kan getuig

14Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat
julle tot volmaakte eenheid saambind. 15En die vrede wat
Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God
het julle immers geroep om as lede van een liggaam in
vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16Die
boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle
bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met
dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange
en ander geestelike liedere tot eer van God sing.

*Kolossense 3:14-16*

10 Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God
het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het
deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.
11 Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons
bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê.
12 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons
mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons
sy doel volkome bereik.

1 Johannes 4:10-12

# Ons het mekaar nodig

- Dis in ons DNA
- Om mekaar lief te hê
  - Om God se Wet na te kom!
- Vir die Liggaam om te funksioneer
- Om te kan getuig
- Om mekaar te versterk

10 Hy het ter wille van ons gesterwe, sodat ons, of
ons by sy koms nog lewe of reeds dood is, saam
met Hom kan lewe.
11 Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan
met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.



*1 Tessalonisense 5:10-11*

23 Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want
God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.
24 Laat ons ook
na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde
en goeie dade.
25 Ons moenie van die samekomste van
die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie,
maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan,
en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien
nader kom.

*Hebreërs 10:23-25*




ONS
HET
mekaar
NODIG